
# 81 Die Woord die Heer het mens geword




Hul het Hom met die hand kon raak, hul het gesien, gehoor:
Hy, wat van die begin af was die vleesgeworde Woord.

Die Woord by God wat ewig is, het mens vir ons geword;
as Hemelkind Homself in ons gebrokenheid gestort.

Die wêreld, in sy duisternis, het nie sy Heer herken:
Sy eie mense het Hom as ‘n vreemdeling misken.

Die Woord, met goddelike krag, wek lewe deur die Gees;
aan elk wat glo, gee Hy die mag om kind van God te wees.

Die Woord – die Heer – het mens geword en onder ons gewoon.
Ons kon Gods Eersgeborene Seun genadig, heerlik, sien!

Robert Croo (1534) Engelse melodie (1591)